

**Dinsdag 4 Augustus**

**Skrifgedeelte: Spreuke 3:1-12**

**Fokusgedeelte: Spreuke 3:5-6**

### **Vertrou God met jou lewe**

**O**ns wil maar altyd in beheer bly ... netnou behels gehoorsaamheid aan God iets wat nie so gemaklik inval by my plan nie en dan wil ek darem nog die laaste sê hê ... Nee, Spreuke 3 praat van die teendeel: dat jy God sal vertrou met jou lewe. Met die rigting van jou lewe, met die eindpunt, met die roete daarheen, met die medereisigers wat deel is van die pad, dat jy God sal vertrou dat sy wil die beste vir jou is.

Spreuke 3 beteken ek plaas my lewe in God se hand. Hy beheer die GPS, die stuurwiel, en ook die doel van die reis. Al voel dit soms nie so nie, is dit egter die veiligste plek. God sien die groter prentjie, Hy weet waarvandaan Hy my gebring het, Hy is reeds daar waar ek nog moet gaan.

“Moet dan nie op eie insigte staatmaak nie”: Jy is nie bedoel om God by jou agenda te laat inval nie, maar jy eerder by syne.

“Ken Hom in alles wat jy doen”: Leef met jou HELE lewe in 'n ken-verhouding met Hom deur geloof in Jesus Christus.

Die belofte in vers 6 is: Hy sal jou die regte pad laat loop. Nie altyd die maklikste pad nie, nie altyd die kortste pad nie, maar die regte pad. Hy lei jou nie altyd na waar jy dink jy wil gaan nie, maar na waar jy moet wees.

Die vraag is dus nie watter pad moet ek loop nie ... die vraag is: Hoe naby is ek aan die Here, want as ek naby aan Hom is en maar net volg waar Hy my lei, is ek op die regte pad.

*Sing: Psalm 25-1:2, 6*

*Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)*